**Graad 10**

Totaal: 100
Tyd: 2 uur

November-eksamen, Vraestel 1, 2022

## Vraag 1

1.1 Vereenvoudig elk van die volgende uitdrukkings volledig:

1.1.1 $\frac{2^{x+2}-2^{x}}{6.2^{x-1}}$ (3)

1.1.2 $\frac{9^{2x}.27^{x-1}}{\sqrt[3]{27^{6x-3}}}$ (4)

1.2 Faktoriseer elk van die volgende uitdrukkings volledig:

1.2.1 $x^3 - \frac{27}{y^3}$ (2)

1.2.2 $6x^2 + 5x - 4$ (2)

1.2.3 $4x^2 - 25y^4 - 12x + 30y^2$ (3)

1.3 Vereenvoudig die volgende uitdrukking volledig:

$\frac{1}{x^2-9} \div (x-3)^{-2} \times \frac{-x-3}{2x-6}$ (5)

**[19]**

## Vraag 2

2.1 Los op vir $x$:

2.1.1 $x(x-18)(x^2-9) = 0$ (3)

2.1.2 $5^{x^2+x} = (\frac{1}{125})^{-2}$ (4)

2.1.3 $\frac{x}{3} - x = \frac{2x-1}{4} - \frac{x-1}{2}$ (5)

2.2 Los vir $x$ en $y$ gelyktydig op, indien:

$8x - 2y^2 = -10$ en $3^{x+y} = 1$ (8)

**[20]**

## Vraag 3

3.1 Beskou die volgende getalpatroon en beantwoord die vrae wat volg:

$$1; 7; 1; 23; 1; 47; 1; 79$$

3.1.1 Bepaal die waarde van die elfde term. (1)

3.1.2 Bepaal die waarde van die twintigste term. (5)

3.2 Gegee: $-1; x;\ -7; x-6;$ ….

3.2.1 Bepaal die waarde van $x$, indien die gegewe patroon lineêr is. (2)

3.2.2 Indien $x = -4$, is die gegewe patroon die eerste verskille van 'n kwadratiese patroon. Bepaal of die kwadratiese patroon 'n minimum of maksimum waarde sal hê. (3)

**[11]**


## Vraag 4

4.1 Teken 'n rowwe skets van elk van die volgende funksies:

4.1.1 $y = mx + c; m = 0$ en $c < 0$ (2)

4.1.2 $y = ax^2 + q; a > 0$ en $q > 0$ (2)

4.1.3 $y = \frac{a}{x} + q; a < 0$ en $q < 0$ (2)




4.2 Gegee: $f(x) = x + 3$ en $g(x) = x^2 - 9$


4.2.1 Bepaal die koördinate van die snypunte van $f$ en $g$. (6)

4.2.2 Indien $g(x)$ in die $x$-as gereflekteer word om $h(x)$ te vorm, skryf die koördinaat van die snypunt van $f$ en $h$ neer, indien $x \epsilon N$. (2)

**[14]**

## Vraag 5

5.1 Gegee: $g(x) = \frac{4}{x-p} + q$ en $h(x) = 2^x - 2$




5.1.1 Bepaal die vergelyking van $g$. (2)

5.1.2 Bepaal die vergelyking van die simmetrie-as van $g$, met 'n negatiewe gradiënt. (2)

5.1.3 Bepaal die koördinate van B, die snypunt van $h$ en die vertikale asimptoot van $g$. (2)

5.2 Gegee: $f(x) = 2x^2 - 1$ en $k(x) = \frac{x}{2} + 1$

5.2.1 Bepaal die koördinate van die draaipunt van $f$. (2)

5.2.2 Bepaal vervolgens die waardeversameling van $f$. (2)

5.2.3 Bepaal die vergelyking van $m(x)$, indien:

5.2.3.1 $m(x) = -f(x) - 3$ (2)

5.2.3.2 $m(x) = \frac{1}{2}k(4x)$ (2)

**[14]**

## Vraag 6

**Rond jou antwoorde korrek tot twee desimale syfers af.**

6.1 ’n Belegging groei vanaf R2 550 na R5 646, oor ’n tydperk van 66 maande. Bepaal die enkelvoudige rentekoers van die belegging. (4)

6.2 Kyle beplan om oor 4 jaar ’n nuwe motor te koop. Hy sal graag oor 4 jaar ’n soortgelyke motor wil koop as een wat tans R245 350 kos. Die inflasiekoers is tans 5,6%.

6.2.1 Wat sal hy vir die aankoop van ’n nuwe motor oor 4 jaar betaal? (3)

6.2.2 Indien Kyle besluit om nou R14 599 te belê teen ’n saamgestelde rentekoers van 4,75%, sal hy oor 4 jaar genoeg geld hê om ’n 5%-deposito op sy nuwe motor te betaal? (5)

**[12]**

## Vraag 7

7.1 Beskou die onderstaande inligting aangaande gebeurtenisse A en B:

- $P(A) = 0{,}6$
- $P(B) = 0{,}9$
- $P(A \cup B)' = 0{,}1$

7.1.1 Skets 'n Venn-diagram van die gegewe inligting.
Laat $P(A \cap B) = x$. (3)

7.1.2 Bepaal $P(A \cap B)$. (2)

7.1.3 Indien $n(s) = 120$, bepaal:

7.1.3.1 $n(\ slegs\ A)$ (1)

7.1.3.2 $n(A \cup B)'$ (2)

7.1.3.3 $n(A' \cap B)$ (2)

**[10]**

**Totaal: [100]**